**NUUSVRYSTELLING**

Datum uitgereik: 21 November 2011
Uitgereik deur: Agri Wes-Kaap

## Agri Wes-Kaap hewig ontsteld oor plaasaanval in Malmesbury

Agri Wes-Kaap is hewig ontsteld oor die wrede aanval op 'n boer en sy vriendin op hul plaas in Malmesbury.

"Ons veroordeel die aanval ten sterkste. Elke persoon in hierdie land het 'n reg tot 'n veilige omgewing, veral in jou eie huis," sê Carl Opperman, HUB van Agri Wes-Kaap.

Agri Wes-Kaap het vroeër hierdie jaar met die aanval en moord op 'n Stellenbosse boer gesê dat veiligheid, sekuriteit en wetteloosheid in ons land ernstige en dringende aandag moet kry.

Volgens Opperman "Ervaar ons 'n toenemende verval van morele waardes in ons land en veral in die landelike gebiede is dit 'n groot probleem." Hy herinner landbouers om asseblief veiligheidsmaatrëels op hul plase na te gaan en te verskerp en seker te maak dat die plaasprotokol in plek is.

Volgens Uys van der Westhuijzen, voorsitter van Malmesbury Landbouvereniging, werk die plaaslike Polisie onverpoos om die leidrade op te volg. "Ek is deurlopend in kontak met die Polisie en vertrou dat ons binnekort arrestasies sal sien." Landbouers in die streek word gevra om met Uys kontak te maak indien hulle enige vrae of inligting het.

Agtergrond

Die boer, Pieter Loubser en sy vriendin, Brenda van der Westhuizen, is in die vroeë oggendure op 18 November 2011 in hul kamer aangeval terwyl hulle geslaap het. Albei is in die hospitaal opgeneem weens die aard van hulle beserings en Loubser is na Medi-kliniek in Paarl oorgeplaas omdat sy toestand meer kritiek was. Beide sterk onder omstandighede goed aan en Van der Westhuizen is reeds uit die hospitaal ontslaan. Die aanvallers is nog op vrye voet.

Navrae: Porchia Adams, Kommunikasiebestuurder: Agri Wes-Kaap,
Porchia@awk.co.za